

**19 April**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 9**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 9:15**

**Mense dank God oor jou optrede**

Watter uitwerking het die nood van medegelowiges op jou? Die gelowiges in Agaje – in die suide van die teenswoordige Griekeland – het gehoor van die materiële nood van die Christengelowiges in Judea. Die gelowiges in Griekeland wou graag hulle medegelowiges help (2 Kor 8:4).

Wanneer ons medegelowiges materieel of op 'n ander manier ondersteun, het dit verskillende gevolge. In die eerste plek word die swaarkry van die noodlydendes verlig. In die tweede plek word God gedank. 'n Noodlydende sal tereg sy weldoeners bedank, maar hulle sal God nóg meer bedank, want hulle sien raak dit is Hy wat gawes aan mense gee om te kán gee, en dit is Hy wat mense gewillig maak om te wíl gee. Die ontvanger van die hulp sien dit raak en laat hom vol verwondering God dank.

Om te gee, staan in kontras met die wêreld se gesindheid wat alles vir homself wil toe-eien. Ons Here Jesus het teenoor die wêreld se ingesteldheid Homself vir 'n bankrot wêreld kom gee sodat mense in sy rykdom kan deel. Om noodlydendes by te staan en te help, is deel van die praktiese navolging van ons Here Jesus. Dit is deel van ons dankie-sê. Ons praktiese dankie-sê word 'n middel om ander ook te laat dankie sê vir God se genade.

Oral ly mense, ook medegelowiges. Werkloses. In plakkerskampe. In ouetehuse. Jou helpende hand dien as middel dat God oorvloedig gedank en geëer word.

*Sing: Psalm 119:11 (1936-omdigting)*

*Dr EJ de Beer (Laeveld)*